

# Oordenking: 1 Petrus 2:4-5

Prof Malan Nel (Sondag 28 Aug 2016 GK Benoni)

Opsomming deur Donsie Krüger

1 PETRUS 2:4 *Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus.*

Daar was 'n ryk man wat eendag diep in 'n woud verdwaal het en geen idee gehad het waar hy was nie. 'n Inwoner van die woud het hom teëgekom en die vraag aan hom gevra: “Wie is jy en waarheen is jy oppad?” Die bosbewoner het die man uitgelei uit die bos. Die ryk man bied sy weldoener 'n pos aan in sy maatskappy. Die bosbewoner stap op sy eerste dag in diens by die maatskappy by die ryk man in en sê: “U het my die werk gegee maar u het nie gesê wat ek sal moet doen nie”. Die ryk man antwoord toe: “Vir eers moet jy elke dag by my kantoor instap en my konfronteer met dieselfde vraag as waarmee jy my in die woud gekonfronteer het toe ek verdwaal was, naamlik: Wie is jy en waarheen is jy oppad?”

Die vraag word ook aan ons gestel vandag. Ons as individue. Sê nou maar jy staan in 'n tou by 'n supermark en jy raak aan die gesels met die persoon voor jou. Julle ruil informasie uit en die persoon sou jou vra: “Wie is jy en waarheen is jy oppad” wat sou jou antwoord wees? Sou jy 'n antwoord hê?

Die Bybel antwoord op die vraag op minstens 80 verskillende maniere, maar in ons gelese gedeelte skryf Petrus aan die Christene in verskeie plekke waar hulle hul bevind dat hulle *lewende steen is oppad na God toe deur Jesus Christus* (“...kom na hom toe...”). Bemoedigende woorde vir die Christene wat moes vasstaan in hulle geloof onder vreemdelinge en ongelowiges.

Die “..kom na Hom toe...” is in die *duratief* geskrywe, wat dui op 'n aanhoudende (nader)kom. Kom, jy wat Christen is, kom aanhoudend elke dag weer en weer na Christus toe. Kom in jou daaglikse lewe keer op keer na Hom toe, Hom wat die hoeksteen van jou lewe is. Wees iemand wat nie gekeer kan word om keer op keer na Jesus toe te kom nie. Dié “kom na Hom toe” vind natuurlik nie so sondermeer plaas nie. Die Hoeksteen was deur baie verwerp. In die tyd wat die brief geskryf was het die Jode en veral die geleerdes in die Joodse geloof, die fariseërs en skrifgeleerdes, hulle oë oopgehou vir die Messias wat sou kom. Hulle het met groot belangstelling gaan luister wat Jesus te sê gehad het en gedoen het. Hulle wou seker maak die Jesus is dié een wat hulle sou red van die Romeinse regering en hulle sou uitlei na vryheid. Maar die Jesus het dinge gepraat wat hulle nie wou hoor nie. Hy het gesê: vergewe jou vyande; gee aan die armes; as iemand jou bokleed vra gee ook jou onderkleed; as iemand vra dat jy 1 myl saam met hom stap, stap ook 'n tweede myl en draai die ander wang. Daarom dat die gedeelte waarsku dat die hoeksteen deur die mense verwerp is. Die mens het Christus verwerp en oorgegee om gekruisig te word. As die Christene dan aangesê word om na Hom, Jesus, toe te kom is dit nie vanselfsprekend dat hulle dit doen nie. Nee van nature sal hulle ook die hoeksteen verwerp. Dit is groot genade as ons wel na Hom toe kom is dit gebeur slegs

omdat God eerste na ons toe gekom het. Ons kom dus aanhoudend na die Een wat volgens die wêreld nie so populêr is nie, maar wat so gepas in Jesaja beskryf word as die Een op wie ons ons vertrou kan stel en nooit hoef te vlug nie en nooit teleurgesteld hoef te staan nie. Hy stel nie teleur nie. Hy is die hoeksteen wat by God uitverkore en kosbaar is. Die basis van ons lewe. En dan geld die vraag ook vir die gemeente van Christus. Daar was al baie vals Jesusse wat gemeentes nagejaag het. Nou ook. Die wat glo Jesus is net die hoeksteen vir 'n klompie Afrikaanssprekendes, of vir die wat die oorlog moet wen 'n militêre Jesus, of die voorspoedsjesus of die genesingsjesus. Maar in die gedeelte kom ons as gemeente na die Jesus toe wat die hoeksteen is van ons kerk. Nie die gebou nie, maar die christene almal saam.

Wie sou jy dus vir die persoon in die tou sê, wie is jy? Mevrou ek is deel van 'n groep mense wat nie sonder Jesus kan leef nie en ek kom aanhoudend daagliks na Hom toe!

En waarheen oppad? Verbeel jou daar staan 'n bouer wat 'n muur wil bou en langs hom is daar 'n hoop stene waarmee hy die muur wil bou. Die bouer neem een steen, smeer sement oor die steen en net as hy die steen in die muur wil inbou spring die steen lewend uit sy hand en skreeu los my uit, ek wil nie in die muur in nie! of ek sal sêlf besluit waar en wanneer ek in die muur sal ingaan. Dan tel hy 'n ander steen op wat sê: dankie dat jy my gekies het om my in te bou en op te bou in die muur van jou gebou. En as die steen dan ingebou word, word hy omring deur 6 ander stene wat hom steun en regop hou, net soos hy ook ander ondersteun en regop hou. Is jy soos die eerste steen of die tweede steen? Julle weet ons in die Afrikanerkultuur het maar baie stywe nekke en sukkel om warm hartlik te wees met almal en om mekaar vas te hou. As jy voortdurend na Jesus die uitverkore kosbare Een toe kom en as jy gebou is op die Hoeksteen dan kan jy nie anders as om soos die tweede steen op te tree nie!

Wat sal jy dan vir die persoon in die tou sê: wie is jy? Ek is deel van 'n groep mense wat nie sonder mekaar kan lewe nie en ons kom aanhoudend daagliks na Jesus toe.

Wie is jy? Iemand losgekoop deur Jesus die Hoeksteen. Duur gekoop, nie in menslike kosbaarhede (goud en silwer) nie, maar deur die kosbare bloed van Jesus. Ons is losgekoop, nie net 'n stukkie van ons nie maar alles van ons. Dit was 'n offer van Christus se hele lewe. Dan is ook my hele lewe 'n offer aan die Here.